N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 49

4 Desember 2022

Maria
Sou Jy Dit Ooit Kon Droom

Maria was net ‘n doodgewone tiener. Net ‘n baie eenvoudige lewenswyse met take in en om die huis en miskien om die diere te voer. As Maria se lewe soos baie van die ander meisies verloop het, sou sy met ‘n arm man getrou en dan mettertyd aan ‘n hele paar kinders geboorte geskenk het, sy sou nooit verder as ‘n kilometer van haar huis af gereis het nie en gesterf het net soos duisende ander voor haar. Maria was nie iemand besonders nie, net ‘n doodgewone meisie wat in Nasaret gewoon het – iemand van geen belang nie, in ‘n onbeduidende dorpie in die middel van nêrens.

God het Maria gekies

God het Sy engel na ‘n nederige huisie gestuur om’n jong meisie wat skaars ‘n tiener was, mee te deel dat sy gekies is om Jesus se ma te wees. ‘n Dorpie met ‘n slegte reputasie, “ Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?” – Joh 1:46 Nooit het sy in haar wildste drome gedink day sýdaardie spesiale vrou was na wie Jesaja verwys het, toe hy gesêhet: “’n Jong vrou sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring en sys al hom Immanuel noem – Jes 7:14

Maria was verbysterd

Dit was nogal baie vir ‘n jong tienermeisie om te verwerk. Sy was heeltemal verbysterd en opreg verras dat God háár uitgekies het. Mense is altyd verbaas dat God húlle kies, wanneer Hy hulle wil gebruik. “God uses nobodies to tell everybody about Somebody”. God spesialiseer daarin om gewone mense te gebruik om buitengewone dinge te doen.

Maria se status

Sy was bloot ‘n instrument wat gekies is om die moeder van ons Heer en Verlosser te wees. Sy het geen buitengewone kragte of heilige status gehad nie en is ook nie die bemiddelaar tussen die mens en God nie. God het Maria uitgekies vir wat waarskynlik die belangrikste taak in die geskiedenis was – om die Verlosser Jesus Christus in die wêreld te bring. Sy was die onwaarskynlikste keuse en dit maak haar storie nog meer uitsonderlik.

Maria se reaksie

Maria het met haar antwoord aan die engel ongeëwenaarde dapperheid gewys: Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het”. – Luk 1:38 Sy het waarskynlik geen idee gehad waartoe sy ingestem het nie en kon sekerlik nie die rampsoedige gebeure wat in haar lewe sou plaasvind, voorsien nie. Maria skyn as ‘n simbool van God se begeerte om die onbekende en die doodgewone te gebruik. – Nico Bougas

Dankie!

- **Dat God ook vir ons, gewone mense wil gebruik!**
- **Vir God se genade in en deur Jesus Christus, ons Middelaar!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Jaap Naudé
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Lucinda Graaff
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Oom Hannes Stolz
- Suzelle Barkhauzen.
- Ds Fritz Kotzé
- Louis Strauss
- Louise Claasen
- Hannie Booysens
- Wally Fourie
- Lola Vijoen
- Petro Schneider
- Sannie Wentzel
- Ria Putter
- Piet Loggenberg
- Tannie Bets Coetzee
- Oom Hannes Loots
- Tannie Rina Loots
- Lilian van Zyl
- Oom Eberhard Carshagen
- Lettie Bezuidenhout
- Jan-Harm Pretorius
- Ina van der Merwe
- Heleen Jv Vuuren
- Wynand Storm
- Jaco Steenkamp

Gedagte vir die week

God gebruik gewone mense om buitengewone dinge te doen.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org